# ATKV-betrekkings

ATKV-hoofkantoor

## Koördineerder: AbbAsorg

Die ATKV is ’n dinamiese en snelgroeiende Afrikaanse kultuurorganisasie en het ’n vakature vir ’n gekwalifiseerde persoon om as koördineerder in die AbbAsorg-afdeling by die ATKV-hoofkantoor diens te verrig.

Die ATKV volg ’n gelyke-indiensnemingsbeleid.

AbbAsorg is die ATKV se sosiaal maatskaplike verantwoordelikheidsprogram. Die projek is daarop gemik om deur vroeëkinderontwikkeling en -opleiding ’n gemeenskapsgedrewe diens te lewer om kinders en hul gesinne se lewenskwaliteit te verbeter. Indien jy ’n projek kan bestuur, inisiatief aan die dag kan lê en goeie administratiewe, organisatoriese en finansiële vaardighede het, oor goeie taalvermoë in spesifiek Afrikaans en Engels beskik, goed met mense oor die weg kom, asook oor goeie rekenaarvaardighede beskik met betrekking tot die Microsoft-produktereeks, is hierdie geleentheid vir jou. ’n Sterk aanbeveling is goeie administratiewe vaardighede en projekbestuur.

**Vereistes**

- ’n BA-graad in onderwys (grondslagfase), sosiale wetenskappe, of ’n verwante veld.
- Bewese ervaring in moniterings- en evalueringsrolle, verkieslik in die vroeëkinderontwikkelingsektor (VKO-sektor).
- Sterk begrip van moniterings- en evalueringskonsepte, raamwerke en metodologieë.
- Uitstekende analitiese, kritiese denke en probleemoplossingsvaardighede.
- Die vermoë om komplekse konsepte en bevindinge effektief aan diverse gehore te kommunikeer.
- Rekenaarvaardig met spesifieke verwysing na die Microsoft-produkreeks.
- Goeie administratiewe werksondervinding.
- ’n Positiewe gesindheid jeens Afrikaanse taal en kultuur.
- Analities van aard met ’n passie om probleme op ’n praktiese wyse op te los.
- Moet onder druk kan funksioneer.
- Moet beskik oor die vermoë om ’n suksesvolle projek te bestuur.

**Vernaamste verantwoordelikhede**

- Die ontwerp, koördinering en implementering van moniterings- en evalueringsraamwerke.
- Die insameling en analise van data om die doeltreffendheid en impak van programme te beoordeel.
- Die verskaffing van terugvoer en aanbevelings om kurrikulumlewering te verbeter.
- Werk saam met projekspanne, belanghebbendes en vennote om verantwoordbaarheid en leer te verseker.

As jy graag hierdie pos wil beklee, stuur jou volledige CV aan:

ATKV-betrekkings by betrekkings@atkv.org.za
ATKV, Posbus 4586, Randburg, 2125

Sluitingsdatum: **17 Mei 2024 voor 12:00.**
Gebruik asseblief **HKABBA02** as verwysing.

**Indien jy vier weke ná die sluitingsdatum nog nie van die ATKV gehoor het nie, was jou aansoek onsuksesvol.**